# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

*God se belofte vra dat ek anders sal kies*

(Genesis 13:1 -18)

CHRISTUS WERK EN LEEF IN, MET EN DEUR ONS
THE REEDS







# Lied 547: 1

Alle volke klap jul hande;

juig tot eer van God

Verhef jul stem en roem sy Naam

in elke stad op aarde!

***Refrein:***

***Sing en sing en sing dan saam***

***loof en prys sy grote Naam***

***want Hy is ewig Koning***

***in die hemel en op aarde***

***sing en sing en sing dan saam***

***loof en prys sy grote Naam***

***want die Hemelkoning***

***skenk ons Sy genade!***

# L 547:2

**Hy is ewig Koning in die**

**hemel en op aarde!**

**Die volke kniel, die nasies juig**

**oor al Sy skeppingsdade**

***Refrein:***

***Sing en sing en sing dan saam***

***loof en prys sy grote Naam***

***want Hy is ewig Koning***

***in die hemel en op aarde***

***sing en sing en sing dan saam***

***loof en prys sy grote Naam***

***want die Hemelkoning***

***skenk ons Sy genade!***

# L 547:3

Ons gaan in sy woning in,

Hy roep ons almal saam

die skare juig en horings blaas,

ons almal roem sy Naam!

***Refrein:***

***Sing en sing en sing dan saam***

***loof en prys sy grote Naam***

***want Hy is ewig Koning***

***in die hemel en op aarde***

***sing en sing en sing dan saam***

***loof en prys sy grote Naam***

***want die Hemelkoning***

***skenk ons Sy genade!***

# Genesis 13: 1-18



# Flam 291

God is hier teenwoordig;
laat ons biddend nader,
hier waar ons voor Hom vergader.
God is hier teenwoordig.
Heilig is die Here;
buig in stilte, Hom ter ere!

Wie Hom roem, wie Hom noem
Heer en Hemelvader,
kom nou almal nader!

U  is hier en ons sal nou
tot U nader (x4)

Wie Hom roem, wie Hom noem
Heer en Hemelvader,
kom nou almal nader!

Wie Hom roem, wie Hom noem
Heer en Hemelvader,
kom nou almal nader!


Genesis
13: 1-18

1. Abram het uit Egipte na die Suidland toe getrek, hy en sy vrou met al sy besittings, en Lot saam met hom. 2. Abram was baie ryk aan vee en silwer en goud. 3. Hy het van plek tot plek uit die Suidland getrek na Bet-El toe, na die plek waar sy tente aan die begin gestaan het, tussen Bet-El en Ai, 4. die plek waar hy vroeër 'n altaar gebou het. Daar het Abram die Naam van die Here aangeroep.

5. Lot, wat saam met Abram getrek het, het self ook baie kleinvee en beeste en tente vir sy mense gehad. 6. Die land kon nie in Abram en Lot saam se behoeftes voorsien sodat hulle bymekaar kon bly nie. Hulle besittings was te veel; hulle kon nie bymekaar bly nie. 7. *Die Kanaäniete en die Feresiete het ook nog in die gebied gewoon*. Daar het toe 'n **getwis** ontstaan tussen Abram se veewagters en Lot s'n.

8. Toe sê Abram vir Lot: “Daar behoort nie 'n **getwis** te wees tussen my en jou en tussen my veewagters en joune nie, want ons is familie. 9. Die hele land lê oop voor jou. Gaan jy liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs; en as jy regs gaan, gaan ek links.”

10. Lot het toe **rondgekyk** en **gesien** die hele Jordaanstreek tot by Soar het so volop water soos die tuin van die Here, soos Egipte. Dit was naamlik *nog voordat die Here Sodom en Gomorra verwoes het*. 11. Lot het die hele Jordaanstreek vir homself gekies en hy het ooswaarts versit.

So het die twee van mekaar geskei: 12. Abram het in Kanaän bly woon, en Lot het in die stede van die Jordaanstreek gewoon; *tot by Sodom het hy gaan tent opslaan*.

13. Die *inwoners van Sodom was sleg: hulle het baie gesondig teen die Here.*

14. Nadat Lot van Abram af weg is, het die Here vir Abram gesê: "**Kyk** tog rond, **kyk** van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste. 15. Die hele land wat jy **sien**, **gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag**. 16. **Ek sal** jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word. 17. Trek nou deur die land, deur sy lengte en sy breedte, **want Ek gee dit vir jou**."

18. Abram het sy tente versit en gaan woon by die groot bome van Mamre by Hebron. Daar het hy 'n altaar vir die Here gebou.



# Elke dag maak ons honderde besluite?

Die vraag is nie óf ons besluite maak nie, maar *wat ons besluite beinvloed*?


In ons teks …
Die land kan nie albei dra - twis
Abram bevind hom in ‘n krisis



# Hoe kry hy dit reg?

- Die teenwoordigheid van die *Kanaäniete en die Feresiete – Hy & Lot is draers van seën*
- Abram se voorbeeld nie moreel begrond, maar religieus – tweede kans in vertroue

# Abram se reaksie – grootmoedig en voorbeeldig



Word ons vandag nog beïnvloed deur God se genade (tweede kanse) en trou dat dit ons grootmoedig & vb. maak

Beïnvloed die feit dat ons draers van God se seën is vandag nog ons optrede en besluite?



- Gaan waar Abram gaan
- Logiese opvolger van kinderlose Abram
- Kom nie agter hy staan voor beslissings-moment nie

# Lot se optrede – ontmasker hom as meeloper


Hierdie teks konfronteer ons met die vraag – tree ons in ons alledaagse lewe nie maar net as meelopers op nie?

# Abram vra Lot moet kies



Die Jordaanvallei



In die omgewing van Bet-El



Lot kyk, sien en kies -

sonder nadenke of huiwering
of skaamte – sien beste vat dit!

Lot se optrede –
ontmasker hom as meeloper


Abram kyk voor keuse met geloofsoog
Lot kyk met selfsugtige oë…
Dit verblind hom, want hy kyk mis (3,12,13)
Keuse maak hom los v Abram se geloof
Juis hier is die verskil tussen
Abram en Lot



**Wie leef uit God se beloftes *leef* anders en *kies* anders.**
**Leef en kies ons rêrig anders?**



Miskien – afgehaal, verleë, ontnugter

<u>Regtig</u>? In sekre sin is dit tog hoe ons voel: wang draai, ekstra myl loop, 70 x 7 keer vergewe, ander se belange

Abram bly lang ruk staan…

## God nooi hóm óók om te kyk – *saamkyk*

- God gee goedkeuring aan sy optrede
- God herhaal en bevestig sy beloftes:

*“Ek gaan hele gebied vir jou gee”*

**Abram bly lang ruk staan…**

**Dan praat God met hom…**


God praat vandag nog met ons wanneer
ons Hom vertrou en ingestel is om sy
wil te doen en ‘n seën is vir mense

Verhaal eindig nie by Lot se groen weivelde nie, maar by Abram onder die bome van Mamre

Herinnering, dank, verbintenis & getuienis

# Abram bou weer ‘n altaar by die bome van Mamre



## Waar is jou altaar?
## Kom jy nog gereeld by jou altaar uit?

# God se belofte vra dat
# ons anders sal leef en kies



# Flam 121

1. Keuses, besluite, deure en spieëls.
Wetes, betwyfel, hoe bly ek heel?
Stilte en donker drome verdwaal
Ek kies die rigting en ek sal betaal

**Refrein:**

Leer my, help my

U weet die beste, Here

Wys my die pad wat ek moet loop

Lei my, stuur my

U sien die groter prentjie

Wys my die pad wat ek moet loop

2. Beelde, geluide net eggo's kom terug
Emosies of feite en ek draai my rug
Kers in die donker U het my kom haal
U ken die rigting en U het betaal

Refrein:

Leer my, help my

U weet die beste, Here

Wys my die pad wat ek moet loop

Lei my, stuur my

U sien die groter prentjie

Wys my die pad wat ek moet loop

Brug:
Hier voel ek veilig
U sorg vir my
U is my lewe, Here
Altyd by my

Refrein:

Leer my, help my

U weet die beste, Here

Wys my die pad wat ek moet loop

Lei my, stuur my

U sien die groter prentjie

Wys my die pad wat ek moet loop


• Mag die Here jou leer om verder te kyk as wat jou oë kan sien.
• Mag Hy jou hart vul met vertroue in sy beloftes, sodat jy nie uit vrees hoef te leef nie, maar uit geloof.
• Mag jy vrede kies bo twis, vrygewigheid bo gierigheid, en aanbidding bo selfverheerliking.